DEEL 118 | WEEK 46 | 13 NOVEMBER 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

Heilbron kies, nou begin die koalisiespel!



ANC behou al vier wyke in Heilbron. Terwyl koalisiegesprekke voorlê, is daar reeds planne om aandag aan die dorp se dringende diensleweringsprobleme te gee.

Heilbron se politieke landskap neem 'n nuwe wending ná die 2026-munisipale verkiesing, met die dorp wat voortaan onder die Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit ressorteer. Die verkiesingsuitslae wys dat die ANC al vier wyke in Heilbron, naamlik wyke 20 tot 23, behou het.

Die ANC se wyksraadslede vir Heilbron is Cllr Moramang Leemisa (Wyk 20), Kevin Minnies (Wyk 21), Cllr Reuben Ndayi (Wyk 22) en Cllr Elias Makhetha (Wyk 23).

Hoewel die wyksraadslede reeds bekend is, lê die groter politieke besluitneming nog voor. Die nuwe raad se inhuldiging vind op 20 November 2026 plaas. Dit is dan wanneer meer duidelikheid behoort te kom oor watter politieke partye koalisies gaan vorm, watter kandidate deur proporsionele verteenwoordiging tot die raad verkies is en wie as die nuwe uitvoerende burgemeester sal dien.

Vir Heilbron lê daar egter meer as net politieke onderhandelinge voor. Die dorp se diensleweringsprobleme sal dringend aandag moet geniet.

Cllr Elias Makhetha het aangedui dat daar groot planne is om Heilbron te verbeter. Van die belangrikste kwessies waaraan gewerk moet word, is die rioolwater wat op verskeie plekke oorstroom, die swak toestand van paaie en probleme met skoonwater wat op sekere plekke oorloop.

Volgens Makhetha is sy grootste prioriteit egter om seker te maak dat die munisipaliteit oor genoeg kundige personeel beskik en dat werknemers met die nodige toerusting toegerus word om hul werk behoorlik te kan uitvoer.

Hy beklemtoon dat die nodige hulpbronne, toerusting en personeel eers in plek moet wees voordat daar van werknemers verwag kan word om aanspreeklikheid vir swak dienslewering te aanvaar.

Sy standpunt is dat raadslede hul deel moet doen om te verseker dat werknemers alles tot hul beskikking het om hul pligte uit te voer. Sodra die nodige ondersteuning en toerusting voorsien is, behoort daar volgens hom geen verskoning te wees wanneer werknemers nie hul verantwoordelikhede nakom nie.

Vir inwoners bly die verwagting dat hierdie planne uiteindelik in sigbare verbetering op straatvlak sal omskep word.

Hoewel Heilbron nie meer deel van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit is nie, word die verkiesingsuitslae in dié buurgemeenskap steeds met belangstelling dopgehou.

Ngwathe se finale uitslae is bekend, met 100% van die stemme getel. Die nuwe raad sal uit 27 setels bestaan, maar geen enkele party het 'n volstrekte meerderheid behaal nie. Koalisievorming sal dus ook hier deurslaggewend wees.

Die ANC het die meeste setels verower met 10 (36,01%), gevolg deur die DA met agt (28,26%). ACT het vier setels (15,21%) behaal, terwyl die VF Plus en EFF elk twee setels gekry het, onderskeidelik met 7,92% en 6,30% van die stemme. Die SACP het een setel met 3,19% behaal.

Die DA het volgens die party ook daarin geslaag om Wyk 7 te behou en twee nuwe wyke, Wyk 5 onder JP De Villiers en Wyk 3 onder Anse-Marie, te wen.

Die party het Wyk 9 met slegs 11 stemme en Wyk 2 met 31 stemme verloor – 'n aanduiding van hoe klein die verskil tussen 'n oorwinning en 'n nederlaag in 'n verkiesing kan wees.

Met geen party wat alleen die meerderheid in Ngwathe se nuwe raad het nie, sal die komende koalisiegesprekke bepaal hoe die munisipaliteit bestuur gaan word.

Vir Heilbron en die omliggende gemeenskappe is die verkiesing dus nie die einde van die politieke proses nie, maar eerder die begin van 'n nuwe hoofstuk. Die aandag verskuif nou na die onderhandelinge, die samestelling van die nuwe rade en uiteindelik, wie die leisels by die twee munisipaliteite gaan oorneem.

Vir Heilbron se inwoners sal die werklike maatstaf egter nie net wees wie die raad beheer nie, maar of die nuwe bedeling uiteindelik beter dienslewering en 'n merkbare verskil in die dorp bring.







UIT DIE PEN:

Week 46



Verlede week was die groot stemmery. Ek het 'n spesiale stem gehad. Dit was baie maklik om daarvoor aansoek te doen. Ek het nie nodig gehad om enige rede of stawende dokumente in te gee nie. So maklik soos dit.

Daar was die hele week 'n afwagting.

Van die partyplakkate was al besig om van die lamppale af te val, sommige was skeef en die kandidate het innemend op die fotos geglimlag. Daar was 'n foto hier en daar wat my nogal bang gemaak het, maar dit daargelaat.

Ek is Woensdagoggend werk toe. Want ek het Maandagmiddag gaan stem. Die strate was stil. Maar nie by die stemlokale nie. Ek het vroegoggend 'n WhatsApp boodskap gekry om te sê dat daar pannekoeke te koop is by die stemlokaal. Ja, dink ek, Suid-Afrikaners het nie veel verander sedert toeka se stemdae nie.

My goeie man het gou na ons stemlokaal toe gestap. Dis so vyf blokke van ons af. Daar was 'n ry wat die verkeersdepartment na 'n piekniek laat lyk. Hy stap weer terug huis toe, en besluit om later te gaan stem.

Die stemproses wat baie maklik vir beide van ons. Wanneer jy by die stemtafel uitkom, vat iemand jou ID en skandeer dit. Die ID word dan aangegee. Die tweede mens ruk sy kokipen uit en krap op jou nael. Die derde persoon in die ry maak die lang lys van geregistreerde kiesers oop. Hulle trek jou naam dood en sê: “Two ballots!”

Twee briefies word toegevou en gestempel en in jou hand gestop. Dan is dit jy in jou klein hoekie en ek in myn. Klaar gestem en dit word in ’n boks ingeprop.

Wanneer jy buitekant kom, bekyk jy die merk op jou vinger. Meeste mense neem dan ’n foto daarvan en plaas dit op sosiale media of op hulle WhatsApp status. Ja, dit is seker ’n statussimbool. Daar is natuurlik die geykte beskrywings by.

“Klaar gestem!” of

“Vir ’n beter SA!” en dan natuurlik

“My niggie se buurman het gesê hulle merk ons met ‘n pen wat verdwyn. Nou kan meer mense gaan stem. Maak seker jou merk verdwyn nie.”

Laasgenoemde was weer ’n samesweringsteorie van epidermiese proporsies.

Iedergeval, wanneer jy die fotos op sosiale media laai, is daar gewoonlik iemand wat vra: “Vir wie het jy gestem?” My stem is my geheim. Maar dis net my mening. En as iemand noem dat hulle vir ’n sekere party gestem het, kom die vlaag kommentare soos ’n tsunami.

Ons sien ook, alreeds Woensdagoggend, op Facebook van bokse stembriefies wat iewers in ’n bos gekry is. Die mense wat dit gepos het, weet nie dat ons reeds sulke berigte in 2024 gesien het nie.

Met ons kruisies getrek was ons tevrede. Ons plig vir demokrasie is gedoen. Omdat ons Woensdag moes werk, het sommige kollegas kapsie gemaak. Die werkgewer het 'n plan gemaak sodat almal die geleentheid kon kry om te gaan stem.

Toe ek Donderdagoggend by die werk in stap, vra ek vir die eerste drie kollegas wat ek sien of hulle die stemproses geniet het. Al drie sê toe dat hulle nie gaan stem het nie. Die een was te moeg. Die ander een het gaan inkopies doen en die derde een het ook 'n simpel verskoning gehad. Vanoggend lees ek dat ons land 'n stempersentasie van 52% gehad het. Sommige ontleders meen dat dit goed is. Ek nie.

Sien, die drie kollegas wat nie gaan stem het nie, kla die meeste. Hulle het waterprobleme. Die strate het slaggate en die rommel lê die wêreld vol. Wat ek nie kan verstaan nie is hoekom 'n landsburger nie sy demokratiese reg wil uitoefen nie. Die alternatief sou 'n outokrasie wees. Of 'n kaktokrasie. Daar is regtig so woord. 'n Regeringstelsel wat deur die mins gekwalifiseerde, mees onbevoegde of mees onetiese burgers bestuur word.

Vanaf Donderdagoggend luister ek aandagtig na die nuus. Teen Vrydagoggend het ek genoeg gehad van die verkiesingsnuus.

Die partye se reaksies is interessant. Een party beweer dat die ander party hulle stemme gesteel het. ’n Sekere party reken dat die kiesers nie hulle manifes verstaan het nie, daarom het hulle so min stemme. Ander partye sê dat hulle sekere van hulle verteenwoordigers gaan afdank.

Teen die tyd dat al die uitslae bekend gemaak word, is die strate steeds vol slaggate en die gemors lê nog steeds orals. Ek dink een party wens heimlik dat die ander party al die werk gaan doen. Ek meen: hulle is moeg ge-party. Nou is dit geduld en nogmaals geduld.

Dalk herken die mens wat jou voor die verkiesing kom sien het jou nie in die supermark nie. Die ene wat jou voorgekeer het om te vertel hoe sy party die wêreld gaan verander, antwoord dalk nie meer jou boodskappe oor die straatligte nie.

Ons het gestem. Nou kom die harde werk.

Ons wil nie net ’n munisipaliteit met mooi verkiesingsplakkate hê nie. Ons stel nie belang in politici met ’n blink kar nie. Ons wil sien wat julle doen. Ons wil hê julle moet saam met ons werk om ons land en ons dorp vir die nageslag te bewaar.

Mag jou wenparty vir jou letterlik klippe uit die pad rol. Mag hulle by hulle verkiesingsbeloftes bly. En as jy nie gestem het nie, mag jy nie kla nie.

Ek het hierdie week geleer dat om te stem alleen nie gaan help nie. Ons moet diegene vir wie ons gestem het verantwoordelik jou. Hulle moet hulle beloftes nakom.

Dis immers hoekom ons gaan stem het.

Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

9 November - World Adoption Day



• ***Elmarie Els-Hammann***

World Adoption Day is celebrated annually on 9 November. The day aims to raise awareness about adoption, celebrate adoptive families, and highlight every child's right to a safe, loving and permanent family environment.

THE MEANING OF THE DAY

Adoption is about more than simply making a child part of a family. It is about giving a child the opportunity to:

- Experience unconditional love and acceptance.
- Develop a sense of belonging and identity.
- Grow up in a safe and stable environment.
- Form permanent family bonds and meaningful relationships.
- Have the opportunity to reach their full potential.

Let us take a closer look at one of Engo's service areas – Adoption.

WHO ARE ENGO ADOPTIONS?

Program of Engo Free State

Accredited adoption agency (11/1/1/4/4-33/20) and designated Child Protection Organisation (W4/1/3/2/2/1/3) and NPO(137-975 NPO)

WHAT IS ADOPTION?

It is a forever home…

Adoptable children need a safe, healthy and stable home where they can be nurtured and cared for by parents who can provide a loving home with supportive relationships that will last a lifetime.

LEGAL IMPLICATIONS OF ADOPTION

The child becomes the child of the prospective adoptive parents

The adoptive parents have all the legal rights and responsibilities.

Get a new birth certificate with the name and surname that fits the adoptive family.

Origin inquiries

WHO MAY ADOPT?

The Children’s Act, Act 38 of 2005 provides examples of who may adopt;

Single persons (widow, widower, unmarried, divorced)

Those in long-term relationships e.g. life partners, married couples

Older than 18 years but younger than 50 years

Persons who are fit, proper, and willing to be entrusted with rights and responsibilities toward a child

Persons who were assessed by an adoption social worker to comply with the requirements

South African Citizens or those with permanent residency in RSA

WHAT IS THE ADOPTION JOURNEY FOR THE PROSPECTIVE ADOPTIVE PARENTS?

Information session with adoption social worker to discuss adoption, criteria for adopting, and answer questions to assist parents in making a final decision on being prospective adoptive parents.

A screening process that includes completing documentation, office interviews, home visits, and contact with references.

Preparation session to empower prospective adoptive parents on issues regarding adoption e.g. how to tell a child he is adopted

• Emotional support • Aftercare services

For more information contact Engo Adoptions at 051 522 6914 / 079 057 4597

Magda de Beer magda@engo.co.za

Breinvliesontsteking:

Ouers moet die waarskuwingstekens ken

Breinvliesontsteking, ook bekend as meningitis, is 'n ernstige toestand waarvan ouers die waarskuwingstekens behoort te ken. Die siekte kan kinders van enige ouderdom raak en veral wanneer dit deur bakterieë veroorsaak word, vinnig lewensgevaarlik word indien behandeling vertraag word.

Breinvliesontsteking is 'n ontsteking van die beskermende vliese wat die brein en rugmurg omring. Dit kan deur verskillende oorsake ontstaan, waaronder virusse en bakterieë. Bakteriële breinvliesontsteking is besonder gevaarlik en vereis dringende mediese behandeling.

Waarskuwingstekens waarop ouers moet let

Die simptome kan skielik verskyn en sluit die volgende in:

* Hoë koors. * Erge hoofpyn. * 'n Stywe of pynlike nek.
* Naarheid en braking. * Gevoeligheid vir helder lig.
* Ongewone slaperigheid of probleme om wakker te word.
* Verwarring of veranderde gedrag. * Stuiptrekkings.
* Koue hande en voete. * Vinnige asemhaling.

'n Persoon met breinvliesontsteking toon nie noodwendig al hierdie simptome nie. 'n Veluitslag wat nie verdwyn wanneer daarop gedruk word nie, kan ook op Meningokokkale-bloedvergiftiging dui en moet as 'n mediese noodgeval beskou word.

Babas toon soms ander simptome

By babas kan die waarskuwingstekens moeiliker wees om raak te sien. Ouers moet veral oplet na swak voeding, aanhoudende huil, buitengewone prikkelbaarheid, lusteloosheid, probleme om wakker te word en 'n sagte plekkie op die kop wat uitbult. 'n Baba se nek hoef ook nie noodwendig styf te wees nie.

Moenie behandeling uitstel nie

Indien 'n kind koors saam met 'n stywe nek, erge hoofpyn, verwarring of buitengewone slaperigheid ontwikkel, moet ouers onmiddellik mediese hulp kry. Moenie wag totdat al die simptome verskyn of totdat 'n uitslag ontwikkel nie.

Bakteriële breinvliesontsteking kan vinnig vorder en vroeë behandeling met antibiotika is noodsaaklik.

Die belangrikste boodskap aan ouers is om hul kinders se gedrag en gesondheid dop te hou en nie ongewone of ernstige simptome te ignoreer nie. Wanneer 'n kind skielik baie siek word, is dit beter om betyds mediese hulp te kry as om kosbare tyd te verloor.

Sleutelkodes noodsaaklik met oorskakeling van Heilbron na Metsimaholo

Met Heilbron se oorskakeling van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit na die Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit moet voorafbetaalde elektrisiteitsmeters se sleutelkodes (key changes) opgedateer word. Die eerste keer wanneer inwoners ná die oorskakeling elektrisiteit aankoop, moet die nuwe sleutelkodes ingevoer word om te verseker dat die meter voortaan elektrisiteit onder Metsimaholo se stelsel kan aanvaar.

Hoewel sommige banke se toepassings reeds die nuwe sleutelkodes beskikbaar stel, is dit nie by alle banke die geval nie. Inwoners word daarom aangeraai om voorlopig hul elektrisiteit direk by die munisipaliteit aan te koop, waar hulle met die proses gehelp kan word.

Inwoners wat reeds elektrisiteit deur 'n banktoepassing gekoop het, maar nie hul tokens ontvang het nie, moet hul aankoopstrokie na die munisipaliteit neem. Die munisipaliteit sal dan die nodige reëlings tref om die aankoop van die Ngwathe-stelsel na die Metsimaholo-stelsel oor te dra. Tot verdere kennisgewing vat hulle slegs kontant vir elektriese aankope en munisipale rekening.

Inwoners moet dus nie hul aankoopstrokies weggooi indien hulle probleme met hul elektrisiteitstokens ondervind nie, aangesien dit nodig sal wees om die transaksie op te spoor en reg te stel.



Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.


Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald Office National

Jeugsorgsentrum ontvang tjek van Sonop Manskoshuis



Op die foto bo oorhandig James Gerber van Sonop Manskoshuis 'n tjek aan Elmarie Els-Hammann van Ringerstraat Jeugsorgsentrum.



Ondersteun VVA vir hul skool-benodighede projek



Tans is VVA Heilbron se hoofdoel om skoolbenodighede, soos op die skoollyste gespesifiseer, aan behoeftige kinders te voorsien. Daarom verwelkom ons graag enige vorm van donasies wat ons fondse sal aanvul of wat fondse kan genereer vir hierdie projek. Donasies kan by Salon Geody afgegee word.

Ingevolge Art 18A van die Suid Afrikaanse Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) kan jy bona fide skenkings in kontant of goedere (in natura) aan ‘n SAID goedgekeurde Weldaadorganisasie (OWO/PBO) van jou belasbare inkomste aftrek. Dit verlaag die belasbare inkomste waarop jou belasting bereken word.

Om dit op jou opgawe te eis moet die organisasie vir jou ‘n amptelike Artikel 18A belastingkwitansie uitreik.

VVA Heilbron is ‘n Nie Winsgewende Organisasie (NPO) en is gemagtig om vir u so ‘n kwitansie uit te reik vir skenkings ontvang.

Merk solank 2 Desember 2026 in jou dagboek om ons straatverkope te ondersteun.

Vir enige navrae, kontak gerus ons vriendelike bestuur: Rachelle Booysen 073 021 1073, Riana Mouton 073 378 7940, Ina Slabbert, Lydia Terre Blanche, Nita Naude en Yvonne Smit.





Kreatiwiteit kleur die Hoërskool Heilbron se grondslagfase

Hoërskool Heilbron se grondslagfase het onlangs hul kreatiwiteit en verbeelding op die proef gestel met 'n kunswedstryd wat nie net jong kunstenaars die geleentheid gegee het om hul talent te wys nie, maar ook as fondsinsamelingsinisiatief gedien het.

Die prente is tydens die gewone kunsperiodes in die klasse gemaak. Hoewel sekere dele van die prente, soos die agtergrond, dieselfde moes wees, het die leerders met ander elemente vrye teuels gekry om hul eie idees en kreatiwiteit uit te leef.







Die inisiatief is deur grondslag fase onderwysers voorgestel as deel van 'n fondsinsameling. Ouers kon op hul kinders se kunswerke bie, wat die projek sommer 'n ekstra spesiale betekenis gegee het.

Alta Hattingh het as beoordelaar opgetree en die beste drie kunswerke uit elke klas aangewys. Die jong kunstenaars het gewys dat daar beslis hope kreatiwiteit in die grondslagfase skuil!

Die wenners is:

Graad R
* Arina van Rooyen
* Zach Loots
* Micka Burger

Graad 1
* Jasmine Watson
* Catryn Kriel
* Zedrick Botha

Graad 2
* Ariella Burger
* Leanke Botha
* Elán Lesch

Graad 3

* Chris Lotter
* Christine Volschenk
* Chloe Wakeford

Die kunswerk wys 'n mens hoef nie groot te wees om groot kuns te maak nie – soms is 'n bietjie verbeelding, 'n kwas en 'n klomp kleur al wat nodig is!













Heilbron klop RTV met 165 lopies

Heilbron se krieketspan het 'n indrukwekkende oorwinning van 165 lopies teen RTV behaal nadat hulle 'n stewige totaal van 325 lopies opgestel het. Met 24 grenshoue en 17 sesse het Heilbron se kolwers die toeskouers behoorlik opgewonde gehou. Russel Loft (66), Theuns Botha (59) en Armand Smit (73) het met die kolf uitgeblink en belangrike bydraes tot Heilbron se totaal gelewer. Met die bal in die hand het Heilbron voortgebou op hul goeie vertoning. Gerhard Brits het met uitstekende boulwerk vier paaltjies platgetrek, terwyl Smit drie paaltjies geneem het om RTV se kolfbeurt te knak.

Smit is as speler van die wedstryd aangewys nadat hy 73 lopies aangeteken, drie paaltjies geneem en een vangskoot voltooi het. Heilbron pak die naweek Vereeniging op hul tuisveld by Hoërskool Heilbron. Toegang is gratis en ondersteuners word genooi om die span te kom ondersteun en sommer lekker saam te braai.



Op die foto vl: Gerhard Brits en Armand Smit.

KENNISGEWINGS

Form J193

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **6891/2026**
Surname: **Loots**
First Names: **William Joseph**
Date of Birth: **1961-05-08**
ID Number: **610508 5023 084**
Last Address: **Nr. 32 Fifth Street, Koppies, Free State**
Date of Death: **2026-08-29**
Master's Office: **Bloemfontein**
Name of Executor or Authorised Agent:
Amanda Anne Schutte Nominee of Cornelius and Partners Inc.
Address of Executor or Authorised Agent:
40 Church Street, Heilbron
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
Advertiser Name:
Cornelius & Partners Inc.
Address: **40 Church Street, Heilbron, 9650**
E-Mail: **aktesb@corven.co.za**
Date Submitted: **2026/10/30**
Tel: **058 852 2035**
For publication in the Government Gazette on:
2026/11/13

KENNISGEWING

Kennisgewing in die Boedel van **WYLE LEON ALBERTUS LE GRANGE**
Identiteitsnommer: 540412 5120 08 8, in lewe 'n Pensionaris, woonagtig te, Elandstraat 19, getroud binne gemeenskap van goedere met **MARTHA MAGDELENA LE GRANGE ID: 600917 0139 08 8.**
DATUM VAN AFSTERWE: 16 August 2025
BOEDELNOMMER: 006809/2025
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6, REITZ, 9810

KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JACOBA PHEIFFER, Identiteitsnommer: 310829 0032 08 3,** in lewe 'n Pensionaris, woonagtig te Conventionstraat 15, Reitz, 9810, 'n Wewenaar.
DATUM VAN AFSTERWE: 28 AUGUSTUS 2026
BOEDELNOMMER: 003685/2022
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6, REITZ, 9810

FORM JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T12019/1989** passed by THE CITY COUNCIL OF THE MUNICIPALITY OF HEILBRON in favour of
MOSES ROETS
Identity number: 360401 5004 084 and
MOTLALEPULE MARGARET ROETS
Identity Number: 420808 0350 080,
Married in Community of Property to each other, in respect of certain
ERF 264 SANDERSVILLE (EXTENSION 1) DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT: 372 (THREE HUNDRED AND SEVENTY TWO SQUARE METERS which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: FREE STATE at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron on 11 November 2026.
APPLICANT
AMANDA ANNE SCHUTTE
40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650
E-MAIL ADDRESS: aktes@corven.co.za
CONTACT NUMBER: 058 852 2035

CALENDAR 2027

Heilbron Herald Pricelist
Prices include VAT and a standard design

Heilbron Herald
44 Els street,
Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za
058 852 3033
083 495 5512

A4 Wall Calendar
Full Colour Print on Gloss Board, 297x210mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 220	R 200	R 420
50	R 280	R 280	R 560
100	R 360	R 350	R 710
300	R 700	R 620	R 1 320
500	R 1 000	R 980	R 1 980
1000	R 1 800	R 1 720	R 3 520

A3 Wall Calendar
Full Colour Print on Gloss Board, 420x297mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 240	R 220	R 460
50	R 360	R 320	R 680
100	R 500	R 500	R 1 000
200	R 850	R 800	R 1 650
300	R 1 240	R 1 000	R 2 240
500	R 1 740	R 1 700	R 3 440
1000	R 3 330	R 3 200	R 6 530

Folded Triangular Desk Calendar
Full Colour Print on Gloss Board, 298x297mm
Triangle Desk Calendar, Three Viewing sided

Qty	Deposit	on Delivery	Total
100	R 780	R 750	R 1 530
200	R 1 060	R 1 000	R 2 060
300	R 1 240	R 1 200	R 2 440
400	R 1 460	R 1 400	R 2 860
500	R 1 650	R 1 600	R 3 250
1000	R 3 000	R 2 740	R 5 740

Wiro Tent Desk Calendar
Full Colour Print on Gloss Board,
Ringbinded, Fold Over Pages, 3 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 880	R 800	R 1 680
100	R 1 460	R 1 300	R 2 730
200	R 2 520	R 2 400	R 4 920
500	R 4 720	R 4 720	R 9 440

A3 Wiro Wall Calendar
Full Colour Print on Gloss Board, Wirobind Top,
Month to View + Front Page, 297x420mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
5	850	800	R 1 650
50	2500	2500	R 5 000
100	4300	4300	R 8 600
200	7620	7500	R 15 120

A3 Deskpad Calendar
Full Colour Print on Bond Paper + Backing Board,
Month-to-Month View, 297x420mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	530	R 500	R 1 030
50	1590	R 1 590	R 3 180
100	2620	R 2 620	R 5 240
250	5300	R 5 000	R 10 300
500	10000	R 8 800	R 18 800

A2 Deskpad Calendar
Constant Colour Background Print on Bond Paper,
Only Black Colour Changes + Backing Board,
Month to view, 420x594mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	7000	R 6 400	R 13 400
100	8290	R 7 000	R 15 290
200	10180	R 9 000	R 19 180
500	14840	R 12 000	R 26 840

Fridge Magnet Calendar
Full Colour Print directly on Fridge Magnet,
12 Month View, 200x220mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	250	100	350
50	880	800	1680
100	1570	1500	3070

A5 Custom Printed Diary
Standard 176 Black Inner Pages,
12 Monthly Planners, Year Planner, 1 Week to view
Custom Cover Laminated, Wire Bound

Qty	Deposit	on Delivery	Total
1	R195	R 0	R 195
4	R330	R 330	R 660
50	R750	R 750	R 1 500
20	R1 500	R 1 230	R 2 730
50	R3 200	R 2 940	R 6 140

TENDER

Tenders are hereby requested for the sale of Burnt and Lumps undergrade whey sweepings powder packed in 25kg bags, subject to the following conditions:
1. The tender period will extend from 1 February 2027 to 31 January 2028
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as undergrade Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover's Heilbron factory.
6. Tenders close on 04 January 2027 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be hand delivered in a sealed envelope marked "Tender Undergrade Powder" or emailed to paul.bester@clover.co.za

The Manager
Clover

TENDER

Tenders are hereby requested for the sale of undergrade Whey. packed in 25kg bags, subject to the following conditions:
1. The tender period will extend from 1 February 2027 to 31 January 2028
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as undergrade Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover's Heilbron factory.
6. Tenders close on 04 January 2027 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be hand delivered in a sealed envelope marked "Tender Undergrade Powder" or emailed to paul.bester@clover.co.za

The Manager
Clover

Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede
Elsstraat 44 | Heilbron
Tel: 058 852 3033
Office National

POSTNET HEILBRON
COLLECTION & DELIVERY
Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY
R150 per parcel
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK
BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die
Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE
per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: 058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

HERALD Sport

Lekker gholf gee skoolfonds 'n hupstoot



Daar was lekker gholf en goeie geselskap toe Hoërskool Heilbron sy jaarlikse gholfdag op Saterdag 7 November aangebied het. Die skoolgemeenskap, plaaslike ondersteuners en gholfspelers het mooi saamgespan en die goeie opkoms het tot 'n geslaagde dag bygedra.

Die gholfdag is 'n belangrike fondsinsamelingsgeleentheid op die skool se kalender. Die fondse wat ingesamel word, gaan aan die skool, wat jaarliks op dié ondersteuning staatmaak om sy fondse te versterk. Elke inskrywing en bydrae help dus om 'n verskil te maak. Op die baan was die formaat 'n tweebal-beterbal met 'n "scramble drive", en die stryd om die voorste plekke was behoorlik kop aan kop. Leonard en Jan Hendrik het met 50 punte die eerste plek ingepalm, net een punt voor Telanie en Theana, wat met 49 punte tweede geëindig het.

Die volgende drie pare het almal 48 punte aangeteken. Willem en Johan was derde, Christoff en Armand vierde en Warren en Burger vyfde. Jackie en Rikus het met 47 punte sesde geëindig, gevolg deur Dries en PJ, ook met 47 punte.

Hoewel daar lekker meegeding is, het die dag oor meer as net die telkaart gegaan. Die gesellige atmosfeer en goeie gees onder die spelers het gesorg vir 'n dag wat terdeë geniet is. Dit was ook 'n geleentheid vir die gemeenskap om saam te kuier en terselfdertyd die skool te ondersteun. 'n Groot dankie gaan aan al die spelers, ondersteuners en helpers wat hul deel gedoen het. Hul betrokkenheid help om dié jaarlikse gholfdag 'n sukses te maak en gee die skool se fondse 'n welkome hupstoot.

Heilbron se Edward en Sonja Muller palm goud in met rolbal

Heilbron Rolbalklub het rede om trots te wees nadat Edward en Sonja Muller met die goue medalje by die Noord-Vrystaat (NFS) Gemengde Pare-kampioenskap weggestap het. Die egpaar het met uitstekende spel en goeie samewerking hul staal gewys en die kompetisie as kampioene afgesluit.

Heilbron se sukses is verder versterk deur Tracy Jacobs, wat saam met Johan Lotz van KBC aan die kompetisie deelgeneem het. Die twee het ook uitstekend gevaar en die bronsmedalje verower. Met goud en brons wat aan spelers van Heilbron Rolbalklub behoort, is die klub se talent opnuut op die voorgrond geplaas. Die prestasie bevestig Heilbron Rolbalklub se sterk teenwoordigheid in die streek en plaas Edward en Sonja in 'n goeie posisie om hul vaardighede verder by die BSA Mixed Pairs en Quadrangular ten toon te stel.



Tracy Jacobs en Johan Lotz.



Sonja en Edward Muller.

Riemland Jagters kondig wenners aan

Jagterslede het hul jaarvergadering en prysuitdeling gehou op 6 November 2026 te Donsveertjie Gasteplaas waarna hulle gesellig saamgekuier het.

Riemland Jagtersvereniging bedank ook hulle borge nl: Bonus Hardeware, Wynand Nortjé en Weldoet Boerdery.

Die bestuur bly onveranderd met een nuwe lid, Kobus Piek. Die klub wens almal 'n Geseënde Kersfees toe en herinner elkeen van die eerste kompetisie in volgende jaar is die 13de Februarie 2027.

Prysuitdeling wenners:

Handwapen: 3de Mike Mouton, 2de Willie Pretorius en eerste André Kampman.

Haelgeweer: 3de Pierre Botha, 2de Kobus Fourie en eerste Corjan Roos.

.22: 3de Japie Steyn, 2de Pierre Erasmus en eerste Mike Mouton.

Jaggeweer: 3de Paul Keogh, 2de Japie Steyn en eerste Kobus Piek.

Gong skiet: 3de Hennie Fourie, 2de Japie Steyn en eerste Paul Keogh.

Chasa Sportskiet:.22 - 3de Pierre Erasmus, 2de Koos van Niekerk en eerste Koos van Niekerk (Snr)



Op die foto bo: Kobus Piek, Hennie Fourie en Hendrika Piek

Chasa Sportskiet: Handwapen: 1ste André Kampman
Dames skut van die jaar: Hendrika Piek.
Jeugskietdag Wenner: Wilhelm Dreyer
Junior Skut van die jaar: André Joubert.
Algehele Wenner 2026: Veelsydigste skut: André Kampman
Lid van die jaar: Hennie Fourie



Foto bo: André Kampman (Algehele Wenner).

VIR DIE BEMARKING VAN
U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE
VAN ONS BEMARKERS
VIR U KRAAL BESPREKING

VERSENTRIX VERSENTRIX

BKB

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 16 NOVEMBER 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 17 NOVEMBER 2026
eDUMBE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454
ERMELO Vetveeveiling
Kontak David Harris 082 573 7979

WOENSDAG - 18 OKTOBER 2026
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BURGERSFORT Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500
STANDERTON Vetveeveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
DUNDEE Kersveiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

DONDERDAG - 19 NOVEMBER 2026
FRANKFORT Herdenkingsveiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
FICKSBURG Kersieveiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
MAGUDU veiling
Kontak Sibusiso Gumede 082 070 0134

VRYDAG - 20 NOVEMBER 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071